



KLEIN-EISEHOF

ALLES WAT JY MOET WEEET



JOU PROKUREUR – JOU VERTROUDE RAADGEWER

Ongeag of jy 'n Eiser of Verweerder is, hierdie brosjure is ontwerp om te dien as 'n eenvoudige riglyn om doeltreffend gebruik te maak van die Klein-eisehof.

Wat is 'n Klein-eisehof?

Dit is 'n hof wat geskep is en gereguleer word deur die Wet op Howe vir Klein Eise, Wet 61 van 1984.

Waarom die Klein-eisehof?

Om regsgekille vinnig op te los sonder om prokureurskoste aan te gaan.

Wie mag eis?

Persone 18 jaar en ouer, en ander wat bygestaan word deur hul ouers of voogde.

Wie mag nie eis nie?

Trusts, maatskappye, korporasies, verenigings en die regering. Sodanige instellings mag egter teen-eise instel.

Hoe formeel is die klein-eisehof?

Prokureurs mag nie die partye in die hof verteenwoordig nie, maar jy mag – vir jou eie koste – adviseer word deur jou prokureur vóór die hofverrigtinge.

Die klerk (by die klein-eise hof) sal jou gratis van hulp voorsien.

Enige taal mag gebruik word. Waar tolke benodig word, moet daar vooraf met die klerk reëlings getref word.

Teen wie mag jy eis?

Enige persoon, maatskappy, korporasie of ander entiteit binne die jurisdiksie van die hof, behalwe die plaaslike regering en die staat.

Hoeveel mag jy eis?

Tot en met R15 000.

Indien jou eis R15 000 oorskry, mag jy die bedrag verminder na R15 000 ten einde die eis na die Klein-eisehof te kan bring (bv. indien jou eis R17 000 beloop, kan jy dit met R2 000 verminder). As jy die eis verminder, mag jy nie later daardie gedeelte eis nie.

Jy kan tot en met R15 000 eis vir:

- terugbetaling van 'n lening;
- oorhandiging van eiendom;
- huurgeld;
- erkenning van skuld, 'n lening en promesse;
- tjek-skuld;
- kredietooreenkomste ingevolge die Nasionale Kredietwet; en
- aksies vir skade ter waarde van hoogstens R15 000.

Wat is uitgesluit?

Eise

- wat R15 000 oorskry;
- teen die staat;
- gegrond op 'n sessie of oordrag van regte,
- vir laster, kwaadwillige vervolging, onregmatige gevangenisstraf, onregmatige arrestasie, verleiding, skade vir verbrekking van 'n belofte om te trou;
- vir ontbinding van 'n huwelik;
- verlies aan status of geestelike vermoë;
- vir spesifieke prestasie sonder 'n alternatiewe eis vir skade (behalwe vir die lewering van 'n rekening, oordrag van eiendom wat nie R15 000 oorskry nie);
- wat nie siviele eise is nie (bv. onbillike ontslag, insolvensie of kriminele saak); en
- wat verjaar het (3 jaar het verloop sedert die datum waarop dit betaalbaar was).

Hoe eis jy?

Stappe om te volg voordat jy eis:

Kontak die opponent (teen wie jy 'n eis wil instel) persoonlik en probeer om jou eis aan te spreek. Indien dit nie moontlik is nie –

- skryf 'n brief aan die opponent (meld die bedrag en die feite van die eis) en gun hom/haar ten minste 14 dae vanaf aflewering van die brief om te voldoen aan jou eis.
- lewer die eis per hand af of stuur dit per geregistreeerde pos aan die opponent.
- gaan na die klerk van die hof met bewyse dat die eis aan



KLEIN-EISEHOF

ALLES WAT JY MOET WEEET

die opponer gelewer is indien hy/sy nie binne 14 dae betaal het nie.

Wat jy vir die klerk moet gee:

- Die eis en bewys dat dit afgelewer is (bv. poskantoor–strokke).
- Enige kontrak, dokumente of ander bewyse vir die eis.
- Volle naam, adres (huis– of besigheidsadres, indien beskikbaar) en telefoonnommer van die opponer.

Wat dan?

- Die klerk sal jou (die Eiser) help om 'n dagvaardiging te voltooi en sal 'n verhoordatum en –tyd skeduleer.
- Jy kan die dagvaarding persoonlik op die opponer (Verweerder) beteken. Jy moet aan die Kommissaris van die Kleineise–hof kan bewys dat jy die dagvaardiging persoonlik aan die Verweerder beteken het.

or

- Jy kan die balju betaal en die dagvaardiging aan die balju oorhandig naby waar die Verweerder woon. Die balju sal dit dan op die Verweerder beteken.
- Waar die balju die dagvaardiging beteken, kry bewys daarvan (van dienste gelewer) voor die verhoordatum.
- Bewaar die kontrak, dokument en ander bewyse wat verband hou met jou eis.
- Stel die getuies in kennis van die verhoordatum en –tyd, en reël dat hulle dan in die hof is.
- Bring 'n afskrif van die betaalbewys vir dienste gelewer deur die balju saam met jou na die hof toe.

Nadat die dagvaardiging ontvang is, wat kan die Verweerder doen?

- Betaal die eis of reël vir die betaling van paaiemente met die goedkeuring van die Eiser.
- Dien 'n skriftelike verklaring van sy/haar verweer en die gronde vir sodanige verweer (bekend as 'n pleit) by die klerk van die hof in, en stuur 'n afskrif daarvan na die Eiser.
- Stel 'n teen–eis in (teen die Eiser) deur 'n skriftelike verklaring soortgelyk aan 'n dagvaardiging by die klerk van die hof in te dien.

- Woon die hofverrigtinge by op die gemelde datum en tyd, waar die hof die pleit of teen–eis sal oorweeg.

Wat gebeur indien die Verweerder voor die verhoordatum betaal het?

Voorsien die Verweerder van 'n skriftelike betaalbewys en meld aan die klerk dat die eis betaal is en dat jy nie met die saak wil voortgaan nie. Liasseer verkieslik die volledige skikkingsdokument.

Wat kan jy doen op die hofdatum?

Daag betyds op by die hof en bly daar totdat die Kommissaris jou verskoon. Maak ook seker dat:

- jy al die dokumente waarop jou eis gegrond is by jou het (die dokumente om jou eis/verweer te ondersteun);
- alle getuies die hofsak bywoon en dat jy die klerk verwittig van hul taalvoorkeure en of jy 'n tolk nodig het; en
- jy skriftelike bewyse het dat die dagvaardiging op die opponer beteken is, bv. 'n beëdigde verklaring / bewys van dienste gelewer deur die balju.

Wat gebeur tydens die verhoor?

Die hofverrigtinge is informeel en eenvoudig. Die Kommissaris sal jou vra om jou saak te stel en mag verdere besonderhede verlang.

Stel die feite kortliks. Beantwoord die Kommissaris se vrae en maak jou bewysstukke beskikbaar.

Kruis–verhoor word nie toegelaat nie. Die Kommissaris mag jou toelaat om 'n paar vrae aan die opponer te rig.

Luister aandagtig na die opponer en, nadat hy/sy klaar gepraat het, verwittig die Kommissaris van die feite wat nie korrek gestel is nie.

Nadat die Kommissaris jou, jou opponer en die getuies se verhoër aangehoor het, mag hy/sy die hof verdaag om die saak te oorweeg of hy/sy kan onmiddellik 'n uitspraak lewer. Die Kommissaris mag ook aandui dat hy/sy jou later skriftelik van die uitspraak sal verwittig.

Nie tevrede met die uitkoms nie?

Die Klein–eisehof is nie 'n hof van rekord nie en die ver–

rigtinge word nie meganies opgeneem nie.

Indien jy ontevrede is met die uitkoms, mag die hof die saak na die Hoërhof verwys vir hersiening, maar slegs op drie gronde:

- Gebrek aan jurisdiksie;
- Die Kommissaris se belang by die saak of sy/haar party–digheid / kwaadwilligheid of betrokkenheid by korrupsie;
- Growwe prosedurale onreëlmatigheid.

Geen appél mag teen die hof se bevinding aangeteken word nie.

Beraadslaag met jou prokureur oor die moontlikheid daarvan om die saak na die Hoërhof te verwys vir hersiening.

Wat gebeur daarna?

'n Klein–eisehof uitspraak is finaal. Betaal enige bedrag wat verskuldig is en respekteer die beslissing.

Indien die uitspraak in jou guns is: Jou opponer moet die bedrag gemeld in die uitspraak betaal. Verskaf 'n betaalbewys daarvoor.

Waar die skuldenaar nie daaraan kan voldoen nie, sal die hof sy/haar finansies en betaalvermoë ondersoek en dan 'n toepaslike bevel uitreik. Gedurende die finansiële ondersoek sal die ander partye gevra word om die hof te verlaat.

Wat gebeur as die skuldenaar versuim om te betaal?

Indien die skuldenaar nie betaal nie en jy betaling wil afdwing, sal die Landdroshof–prosedure geld. Die klerk mag 'n lasbrief uitreik en die balju van die hof sal dit uitvoer.

Beraadslaag met jou prokureur oor moontlike afdwinging van die uitspraak in die Landdroshof.



LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA

Tel: (+27) 12 366 8800
Faks: (+27) 12 362 0969
www.LSSA.org.za

Posbus 36626
Menlopark 0102
Docex 82, Pretoria
Brooksstraat 304
Menlopark, Pretoria 0081



KLEIN-EISEHOF

ALLES WAT JY MOET WEET

© Law Society of South Africa 2017. Picture source: © iStockphoto Hierdie brosjure is slegs vir inligtingsdoeleindes bedoel en moet nie as regsadvies beskou word nie.